LES 17: SAGMOEDIGHEID

Bybel Storie gedeelte: Die Fariseer en die Tollenaar Lukas 18 : 9 - 14

Ons Boodskap vir vandag:
As ons met nederigheid (sagmoedigheid) beklee is, het dit groter waarde as enige ander eienskap. Dit straal uit ons uit. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word. (Hoogmoed kom voor die val) Onthou dit beteken nie jy is 'n wurm nie. Nederige mense dink nie minder van hulleself nie; hulle dink net minder áán hulleself. Ware nederigheid het te doen met 'n begrip van wie ek in Christus is. Ek is nie skaam vir wat ek is nie.

Ons skriffie vir die dag: *Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog. Jak 4:10*

Bykomende agtergrond skriffies:

Maar heilig die Here God in julle harte, en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees; 1 Pet 3:15

2 Kron 7:14 en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

Mat 23:12 Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word."

EK vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra. Efesiers 4:1

Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.
1 Pet. 3:2

Gebed:
Liewe Jesus,
Help ons om vandag nederig te wees en tyd te maak
vir ons familie, vriende en elkeen wat ons pad kruis.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode.
Taak: Skryf jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hulpmiddels: Doolhof:

Die Fariseer en die Tollenaar
Wie dink jy het guns in God se oë ontvang?

Die Fariseer is in die blou klere, en die Tollenaar in bruin.Vat 2 verkillende kleure potlood, en trek elkeen se pad in die doolhof om te sien wie kom waar uit!



(1) (2)

Die _____ het guns ontvang!

1.) SPREUKE 14:12 Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.

2.) OPENBARING 2:10 Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 18: SELFBEHEERSING

Bybel Storie gedeelte: Dawid & Saul 1 Sam 18-19

Ons Boodskap vir vandag:
Ons moet ten alle tye vriendelik wees en vol selfbeheersing. Al verloor iemand anders hulle humeur op ons, moet ons nog steeds die Christus gesindheid uitoefen. Ons sal gesëen word. Ons moet nie net 'n skyn van selfbeheersing hê nie, anders sal on faal as ons op die proef gestel word. Ons moenie "nagemaakte" Christene wees nie, maar opreg die Here vra om ons van alle slegte gesindhede te verlos. Ontleed die woord *self-beheer*-sing en verduidelik wat dit beteken. Lê die klem op *self* en *beheer*.

Ons skriffie vir die dag: *SPREUKE 5:23 Hy sterf deur sy gebrek aan selfbeheersing, sy dwaasheid het hom op die verkeerde pad gebring.*

Bykomende agtergrond skriffies:

En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde. 2 Pet. 1:6

EFESIËRS 4:31-2 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

2 Petrus 1:6 En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug. die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my om rustig te bly as ek vals beskuldig word,
of as iemand iets leliks van my sê.
Laat ek 'n voorbeeld wees van selfbeheersing,
en vriendelikheid.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode.

Taak: Dis tyd om die volgende vrug in die boom te sit!
Sny die piesangtros uit op die lyntjies, kleur dit in, en plak dit in die boom.
Skryf ook jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hulpmiddels: Ons teken hierdie bou ons 'n legkaart van 'n harp in ons boeke! Kleur dit in asof dit loodglas in 'n kerkvenster is.



Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 19: SELFBEHEERSING

Bybel Storie gedeelte: Jakob & Esau. Gen 25:19-34

Ons Boodskap vir vandag:
Esau het moeg van die werk af gekom, en sy tekort aan selfbeheersing (menslike begeertes, hy was so honger dat hy sy waardesisteem verloor het, en bereid was om sy eersgeboortereg te verkoop vir kos), het gemaak dat hy baie jare daarna nog die prys moes betaal. Ons moenie dat ons gebrek aan selfbeheersing die duiwel kans gee om in ons lewe in te kom, en ons van kosbare geestelike gawes of ons erfdeel (in die hemel) te beroof nie. Die lewe op aarde is niks meer as 'n aantal oomblikke wat een vir een op mekaar volg nie. Ek wil nie hê dat my getuienis vir Jesus verwoes moet word deur 'n enkele oomblik wat ek myself oorgee aan my vlees nie. Die teenoorgestelde van selfbeheersing is bandeloosheid (2 Tim 3:3). Dit beteken om vrye teuels aan die sonde te gee.

Ons skriffie vir die dag: *SPREUKE 16:32 Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem.*

Bykomende agtergrond skriffies:

SPREUKE 25:28 'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie.

Tit. 1:7-8; 'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God. Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees, nie aanmatigend en opvlieënd nie, nie 'n dronkaard of 'n rusiemaker of 'n soeker na oneerlike wins nie. Hy moet gasvry wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers.

Efe. 4:30-31; En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom va n God beseël met die oog op die verlossingsdag. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie

Kol 3:12-13 Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

Gebed:
Liewe Jesus
Ek wil nie hê dat een oomblik van woede, hoogmoed of begeerte, 'n skaduwee moet gooi oor 'n leeftyd lank wat ek saam met U gewandel het nie.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, 'n stewige karton (A5 grootte, of groter as die groep ouer is), gom (soos houtlym / loperig), 'n handjievol sonneblomsaad, gedroogte ertjie-, wit – en rooiboontjie- & lensiepitte, asook droeë pasta.

Taak: Skryf jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hierdie week maak ons 'n mosaik van lensies



Ons teken 'n pot lensiebredie op 'n A5 grootte gekleurde karton. Dan begin ons die sade & pitte plak. Smeer die gom op die lyn, en druk daarna die pitte op die gom vas. Begin by die belangrikste elemente (jou buitelyne)

Sodra die buitelyne klaar is, vee jy die gom oor die res van die ontwerp, en vul dit met rye van verskillende kleure, vul so die spasies op. Gebruik droë noedels, sesame saad, wit bone, rooi bone, droë groen ertjies, lensies, sonneblomsade ens, om 'n kleurryke mosaik te kry.

Sodra die pot klaar is, maak 'n mooi patroon om die rand van die papier met die orige sade. Laat staan tot dit droog geword het voor jy dit oplig!

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.